# HOOFSTUK 13

# RESULTATE EN BESPREKING

## 13.1 INLEIDING

Die resultate van die ondersoek na die regverdiging van die teoretiese raamwerk van die LBV, wat aan die hand van 'n tegniese evaluering daarvan gedoen is, word in hierdie hoofstuk bespreek. Inligting met betrekking tot die betroubaarheid en konstrukgeldigheid van die LBV word in dié verband voorsien en bespreek. Die biografiese, kwalifikasie- en werkverwante inligting van die ontwikkelingsteekproef, word met behulp van beskrywende statistiek uiteengesit. Die resultate van die faktorgeldigheidsondersoek word aan die hand van faktoranalises, intradimensie-korrelasieberekenings, itemstatistiek, inhoudgeldigheidstatistiek en kongruensie-berekenings, verskaf. Die resultate van die ondersoek na groepverskille wat aan die hand van variansie-ontledings gedoen is, word uiteengesit. Die resultate van die onderskeie ontledings word vervolgens per ontledingsvorm uiteengesit en bespreek.

## 13.2 BESKRYWENDE STATISTIEK VAN DIE BIOGRAFIESE, KWALIFIKASIE-, LEERKONTEKS- EN WERKVERWANTE DATA VAN DIE ONTWIKKELINGSTEEKPROEWE

Die frekwensie-, persentasie-, geldige persentasie- en kumulatiewe persentasieverdelings word vir die onderskeie groepindelings verskaf. Die blanko gevalle dui op die aantal respondente wat nie inligting met betrekking tot 'n veranderlike verskaf het nie. Die geldige persentasie sluit blanko gevalle uit en is bereken op die totale aantal persone wat die nodige inligting met betrekking tot 'n veranderlike verskaf het. Die kumulatiewe persentasies wat verskaf word, word op grond van die geldige persentasieverdeling bereken. Biografiese en kwalifikasieverwante data van respondente in die tersiêre en bedryfskonteks word verskaf, sowel as werkverwante data in die bedryfskonteks.

### 13.2.1 Biografiese, kwalifikasie- en konteksverwante data van respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het

Frekwensieberekenings is gedoen vir ouderdomsgroepe, taalgroepe, kwalifikasiegroepe en geslagsgroepe van die ontwikkelingsteekproewe in die tersiêre en bedryfskonteks.

#### 13.2.1.1 Ouderdomverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe

Die ouderdomverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe uit die tersiêre en bedryfskonteks word vervolgens aan die hand van frekwensietabelle en rekenkundige gemiddeldes bespreek.

.

**a. Ouderdomverspreiding vir die tersiêre konteks** (verwys na tabel 8)

Uit die totaal van 606 respondente wat die LBVi voltooi het, het 601 (99,2%) hul ouderdom aangedui en uit die 677 respondente wat die LBVs voltooi het, het 662 (97,8%) hul ouderdom aangedui. Die gemiddelde ouderdom van die respondente wat die LBVi voltooi het, is 19 jaar en dié wat die LBVs voltooi het, 22 jaar. Soveel as 92,2% van die respondente wat die LBVi voltooi het, val in die 17- tot 21-jarige ouderdomsgroep. In die geval van die respondente wat die LBVs voltooi het, val 77,0% in die 17- tot 21-jarige ouderdomsgroep. Die grootste persentasie van respondente in die tersiêre konteks, val in die ouderdomsgroep 17- tot 21-jaar.

**Tabel 8: Ouderdomverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die tersiêre konteks**

| Ouderdomgroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| 17 tot 18 | 189 | 81 | 31,0 | 12,0 | 31,3 | 12,3 | 31,3 | 12,2 |
| 19 | 177 | 163 | 29,2 | 24,0 | 29,5 | 24,6 | 60,7 | 36,9 |
| 20 | 129 | 175 | 21,3 | 25,9 | 21,5 | 26,4 | 82,2 | 63,3 |
| 21 | 60 | 91 | 10,0 | 13,4 | 10,0 | 13,7 | 92,2 | 77,0 |
| 22 tot 23 | 33 | 41 | 5,5 | 6,1 | 5,5 | 6,2 | 97,7 | 83,2 |
| 24 tot 33 | 14 | 47 | 2,3 | 6,9 | 2,3 | 7,1 | 100,0 | 90,3 |
| 34 tot 41 | 0 | 36 | 0,0 | 5,3 | 0,0 | 5,4 | | 95,8 |
| 42 tot 53 | 0 | 28 | 0,0 | 4,1 | 0,0 | 4,2 | | 100,0 |
| Totaal | 601 | 662 | 90,2 | 97,8 | 100,0 | 100,0 | | |
| Blanko gevalle | 5 | 15 | 0,8 | 2,2 | | | | |
| Totaal | 606 | 677 | 100,0 | 100,0 | | | | |

b. **Ouderdomverspreiding vir die bedryfskonteks** (verwys na tabel 9)

Uit die totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, het 451 (98,1%) hul ouderdom aangedui. Die gemiddelde ouderdom van die respondente in die bedryfskonteks is 33 jaar. 'n Meer eweredige verspreiding van ouderdomsgroepe in vergelyking met die tersiêre konteks, kom in die bedryfskonteks voor. Die grootste persentasie respondente val in die 23- tot 31-jarige ouderdomsgroep (34,6%), asook die 32- tot 40-jarige ouderdomsgroep (34,5%). Slegs 20,2% van die respondente val in die ouderdomsgroep van 41 tot 60 jaar en slegs 10,6% in die ouderdomsgroep 17 tot 22 jaar.

**Tabel 9: Ouderdomverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Ouderdomgroepe | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| 17 tot 22 | 48 | 10,4 | 10,6 | 10,6 |
| 23 tot 26 | 47 | 10,2 | 10,4 | 21,1 |
| 27 tot 29 | 59 | 12,8 | 13,1 | 34,2 |
| 30 tot 31 | 50 | 10,9 | 11,1 | 45,2 |
| 32 tot 34 | 60 | 13,0 | 13,3 | 58,5 |
| 35 tot 37 | 48 | 10,4 | 10,6 | 69,2 |
| 38 tot 40 | 48 | 10,4 | 10,6 | 79,8 |
| 41 tot 44 | 51 | 11,1 | 11,3 | 91,1 |
| 45 tot 60 | 40 | 8,7 | 8,9 | 100,0 |
| Totaal | 451 | 98,1 | 100,00 | |
| Blanko gevalle | 9 | 1,9 | | |
| Totaal | 460 | 100 | | |

c. **Ouderdomverspreiding vir die tersiêre en bedryfskonteks gesamentlik** (verwys na tabel 10)

Uit die totaal van 1066 respondente wat die LBVi voltooi het, het 1050 (98,5%) hul ouderdom aangedui en uit die 1137 respondente wat die LBVs voltooi het, het 1117 (97,7%) hul ouderdom aangedui. Die gemiddelde ouderdom van die respondente wat die LBVi voltooi het, is 25 jaar en die wat die LBVs voltooi het, 27 jaar. Soveel as 59,2% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 52,2% van die respondente wat die LBVs voltooi het, val in die ouderdomsgroep van 17 tot 22 jaar. Slegs 23,3% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 23,7% van die respondente wat die LBVs voltooi het, val in die ouderdomsgroep van 23 tot 33 jaar. Net 19,4% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 24,1% van die respondente wat die LBVs

voltooi het, val in die 34- tot 60-jarige ouderdomsgroep. Die grootste persentasie van die respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, val in die ouderdomsgroep 17 tot 33 jaar, en verteenwoordig onderskeidelik 80,6% en 75,9% van die geheelgroep.

**Tabel 10: Ouderdomverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs vir die geheelgroep**

| Ouderdomgroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| 17 tot 18 | 193 | 85 | 18.1 | 7.5 | 18.4 | 7.7 | 18.4 | 7.7 |
| 19 | 180 | 166 | 16.9 | 14.6 | 17.1 | 14.9 | 35.5 | 22.6 |
| 20 | 132 | 178 | 12.3 | 15.7 | 12.6 | 16.0 | 48.1 | 38.6 |
| 21 tot 22 | 117 | 151 | 10.9 | 13.3 | 11.1 | 13.6 | 59.2 | 52.2 |
| 23 tot 28 | 105 | 128 | 9.9 | 11.3 | 10.0 | 11.5 | 69.2 | 63.7 |
| 29 tot 33 | 119 | 135 | 11.2 | 11.9 | 11.3 | 12.2 | 80.6 | 75.9 |
| 34 tot 39 | 98 | 122 | 9.2 | 10.7 | 9.3 | 11.0 | 89.9 | 86.9 |
| 40 tot 60 | 106 | 146 | 10.0 | 12.8 | 10.1 | 13.1 | 100.0 | 100.0 |
| Totaal | 1050 | 1117 | 98.5 | 97.7 | 100.0 | 100.0 | | |
| Blanko gevalle | 16 | 26 | 1.5 | 2.3 | | | | |
| Totaal | 1066 | 1137 | 100.0 | 100.0 | | | | |

**13.2.1.2 Taalgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe**

Die taalgroepverspreiding van die ontwikkelingsteekproewe uit die tersiêre en bedryfskonteks word vervolgens aan die hand van frekwensietabelle en rekenkundige gemiddeldes bespreek.

**a. Taalgroepverspreiding vir die tersiêre konteks** (verwys na tabel 11)

Uit die totaal van 606 respondente wat die LBVi voltooi het, het 602 (99,3%) hul moedertaal aangedui en uit die 677 respondente wat die LBVs voltooi het, het 669 (99,0%) hul moedertaal aangedui. Nagenoeg 60,6 en 63,4% van die respondente wat onderskeidelik die LBVi en LBVs voltooi het, het Afrikaans as moedertaal aangedui. Slegs 16,6% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 10,5% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het Engels as moedertaal aangedui. Soveel as 22,8% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 26,2% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het 'n Afrikataal aangedui. Die Afrikataalgroepe wat die grootste verteenwoordiging het in die geval van die LBVi, is Noord-Sotho (4,7 %) en Tswana (5,3 %). In die geval van die LBVs, het Noord-Sotho (7,5), Tswana (3,9 %) en Zulu (4,2 %) die grootste verteenwoordiging.

**Tabel 11: Taalgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en die LBVs in die tersiêre konteks**

| Taalgroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| Afrikaans | 365 | 424 | 60,2 | 63,1 | 60,6 | 63,4 | 60,6 | 63,4 |
| Engels | 100 | 70 | 16,5 | 10,4 | 16,6 | 10,5 | 77,2 | 73,8 |
| Noord-Sotho | 28 | 50 | 4,6 | 7,4 | 4,7 | 7,5 | 81,9 | 81,3 |
| Ndebele | 5 | 9 | 0,8 | 1,3 | 0,8 | 1,3 | 82,7 | 82,7 |
| Suid-Sotho | 8 | 10 | 1,3 | 1,5 | 1,3 | 1,5 | 84,1 | 84,2 |
| Kinyarwanda | 3 | 1 | 0,5 | 0,1 | 0,5 | 0,2 | 84,6 | 84,3 |
| Tswana | 32 | 26 | 5,3 | 3,8 | 5,3 | 3,9 | 89,9 | 88,2 |
| Tsongo | 7 | 10 | 1,2 | 1,5 | 1,2 | 1,5 | 91,0 | 89,7 |
| Swazi | 1 | 5 | 0,2 | 0,7 | 0,2 | 0,8 | 91,2 | 90,4 |
| Venda | 4 | 1 | 0,7 | 0,1 | 0,7 | 0,2 | 91,9 | 90,6 |
| Setswana | 11 | 13 | 1,8 | 1,9 | 1,8 | 1,9 | 93,7 | 92,5 |
| Shona | 1 | 1 | 0,2 | 0,1 | 0,2 | 0,2 | 93,9 | 92,7 |
| Zulu | 9 | 28 | 1,5 | 4,1 | 1,5 | 4,2 | 95,4 | 96,9 |
| Xhosa | 3 | 7 | 0,5 | 1,0 | 0,5 | 1,0 | 95,9 | 97,9 |
| Portugees | 2 | 2 | 0,3 | 0,3 | 0,3 | 0,3 | 96,2 | 98,2 |
| Shangaan | 3 | 1 | 0,5 | 0,1 | 0,5 | 0,2 | 96,7 | 98,4 |
| Noord-Ndebele | 2 | 0 | 0,3 | 1,6 | 0,3 | 0,0 | 97,0 | 98,4 |
| Swati | 3 | 0 | 0,5 | 0,0 | 0,5 | 0,0 | 97,5 | 98,4 |
| Ander | 15 | 11 | 2,5 | 0,0 | 2,5 | 1,6 | 100,0 | 100,0 |
| Totaal | 602 | 669 | 99,3 | 99,0 | 100,0 | 100,0 | | |
| Blanko gevalle | 4 | 8 | 0,7 | 1,0 | | | | |
| Totaal | 606 | 677 | 100,0 | 100,0 | | | | |

**b. Taalgroepverspreiding vir die bedryfskonteks** (verwys na tabel 12)

Uit die totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, het 449 (99,3%) hul moedertaal aangedui. Soveel as 59,5% van die respondente het Afrikaans aangedui. Slegs 11,5% van die respondente het Engels aangedui, terwyl 18.7% van die respondente 'n Afrikataal aangedui het. Die Afrikataalgroepe wat die verteenwoordigendste is, is Noord-Sotho (4,8 %), Tswana (4,8 %), Zulu (5,9 %), Xhosa (6,5 %) en Zulu (4,2 %).

**Tabel 12: Taalgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Taalgroepe | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | 267 | 58,0 | 59,50 | 59,7 |
| Engels | 53 | 11,5 | 11,8 | 71,3 |
| Noord-Sotho | 22 | 4,8 | 4,9 | 76,2 |
| Ndebele | 1 | 0,2 | 0,2 | 76,4 |
| Suid-Sotho | 4 | 0,9 | 0,9 | 77,3 |
| Tswana | 22 | 4,8 | 4,9 | 82,2 |
| Tsongo | 4 | 0,9 | 0,9 | 83,1 |
| Venda | 6 | 1,3 | 1,3 | 84,4 |
| Zulu | 27 | 5,9 | 6,0 | 90,4 |
| Xhosa | 30 | 6,5 | 6,7 | 97,1 |
| Shangaan | 6 | 1,3 | 1,3 | 98,4 |
| Sepedi | 1 | 0,2 | 0,2 | 98,7 |
| Luvenda | 5 | 1,1 | 1,1 | 99,8 |
| Ander | 1 | 0,2 | 0,2 | 100,0 |
| Totaal | 449 | 97,6 | | |
| Blanko gevalle | 11 | 2,4 | | |
| Totaal | 460 | 100,0 | | |

c. **Taalgroepverspreiding vir die tersiêre en bedryfskonteks gesamentlik** (verwys na tabel 13)

Uit die totaal van 1066 respondente wat die LBVi voltooi het, het 1059 (99,0 %) hul moedertaal aangedui en uit die 1137 respondente wat die LBVs voltooi het, het 1122 (98,7 %) hul moedertaal aangedui. Soveel as 59,3% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 60,8% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het Afrikaans aangedui. Slegs 14,4% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 10,8% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het Engels aangedui. Daarteenoor het 25,6% van die respondente wat die LBVi voltooi het, en 27,4% van respondente wat die LBVs voltooi het, 'n Afrikataal aangedui. Die Afrikataalgroepe wat die grootste verteenwoordiging het, is Noord-Sotho (4,7 %), Tswana (6,3 %), Zulu (3,4 %) en Xhosa (3,1 %). In die geval van die LBVs het Noord-Sotho (6,3 %), Tswana (4,2 %), Zulu (4,8 %) en Xhosa (3,3 %) die grootste verteenwoordiging.

**Tabel 13: Taalgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs vir die geheelgroep**

| Taalgroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| Afrikaans | 632 | 691 | 59,3 | 60,8 | 59,9 | 61,6 | 59,9 | 61,6 |
| Engels | 153 | 123 | 14,4 | 10,8 | 14,5 | 11,0 | 74,4 | 72,6 |
| Noord-Sotho | 50 | 72 | 4,7 | 6,3 | 4,7 | 6,4 | 79,2 | 79,0 |
| Ndebele | 6 | 10 | 0,6 | 0,9 | 0,6 | 0,9 | 79,7 | 79,9 |
| Suid-Sotho | 12 | 14 | 1,1 | 1,2 | 1,1 | 1,3 | 80,9 | 81,1 |
| Kinyarwanda | 3 | 1 | 0,3 | 0,1 | 0,3 | 0,1 | 81,1 | 81,2 |
| Tswana | 54 | 48 | 5,1 | 4,2 | 5,1 | 4,3 | 86,3 | 85,5 |
| Tsongo | 11 | 14 | 1,0 | 1,2 | 1,0 | 1,3 | 87,3 | 86,7 |
| Swazi | 1 | 5 | 0,1 | 0,4 | 0,1 | 0,5 | 87,4 | 87,2 |
| Venda | 10 | 7 | 0,9 | 0,6 | 0,9 | 0,6 | 88,4 | 87,8 |
| Setswana | 11 | 13 | 1,0 | 1,1 | 1,0 | 1,2 | 89,4 | 88,9 |
| Shona | 1 | 1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 89,5 | 89,0 |
| Zulu | 36 | 55 | 3,4 | 4,8 | 3,4 | 4,9 | 92,9 | 93,9 |
| Xhosa | 33 | 37 | 3,1 | 3,3 | 3,1 | 3,3 | 96,0 | 97,2 |
| Portugees | 2 | 2 | 0,2 | 0,2 | 0,2 | 0,2 | 96,2 | 97,4 |
| Shangaan | 6 | 7 | 0,6 | 0,6 | 0,6 | 0,6 | 96,8 | 98,0 |
| Noord-Ndebele | 2 | | 0,2 | | 0,2 | | 97,0 | |
| Sepedi | 1 | 1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 97,1 | 98,1 |
| Swati | 3 | | 0,3 | | 0,3 | | 97,4 | |
| Ander | 28 | 21 | 2,6 | 1,9 | 2,7 | 1,9 | 100,0 | 100,0 |
| Totaal | 1059 | 1122 | 99,0 | 98,7 | 100,0 | | | |
| Blanko gevalle | 11 | 15 | 1,0 | 1,3 | | | | |
| Totaal | 1066 | 1137 | 100,0 | 100,0 | | | | |

### 13.2.1.3 Kwalifikasiegroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe

Die kwalifikasiegroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe uit die tersiêre en bedryfskonteks word vervolgens aan die hand van frekwensietabelle bespreek.

**a. Kwalifikasiegroepverspreiding vir die tersiêre konteks** (verwys na tabel 14)

Uit die totaal van 606 respondente wat die LBVi voltooi het, het 599 (98,8 %) hul kwalifikasies aangedui en uit die 677 respondente wat die LBVs voltooi het, het 649 (95,7 %) hul kwalifikasies aangedui. Soveel as 80,5% van die respondente wat die LBVi voltooi het, is in hul eerste en tweede jaar van universiteitsopleiding. In die geval van die LBVs, is 66,6% van die respondente in hul eerste en tweede jaar van universiteitsopleiding, terwyl 17,1% van die respondente wat die LBVi voltooi het, in hul derde jaar is. In die geval van die LBVs, is 30,1% van die respondente

in hul derde jaar van universiteitsopleiding en 2,2% van die respondente wat die LBVi voltooi het, in hul vierde jaar. In die geval van die LBVs, is 1,9% van die respondente in hul vierde jaar van universiteitsopleiding.

**Tabel 14: Kwalifikasieverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVS in die tersiêre konteks**

| Kwalifikasiegroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tersiêre opleiding: | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| Eerste jaar | 299 | 149 | 49,8 | 22,0 | 51,5 | 23,4 | 50,3 | 23,0 |
| Tweede jaar | 179 | 283 | 29,8 | 41,8 | 30,8 | 44,5 | 80,5 | 66,6 |
| Derde jaar | 103 | 204 | 17,1 | 30,1 | 17,7 | 32,1 | 97,8 | 98,0 |
| Vierde jaar | 13 | 13 | 2,2 | 1,9 | 2,2 | 2,0 | 100 | 100,0 |
| Totaal | 594 | 649 | 96,7 | 95,7 | 100,0 | 100,0 | | |
| Blanko gevalle | 12 | 28 | 2,0 | 4,1 | | | | |
| Totaal | 606 | 677 | 100,0 | 100,0 | | | | |

**b. Kwalifikasiegroepverspreiding vir die bedryfskonteks** (verwys na tabel 15)

Vir rapporteringsdoeleindes ten opsigte van kwalifikasieverspreiding, is die volgende groepindelings gemaak:

1. 12 jaar skool: 12 jaar formele skoolonderwys is suksesvol voltooi en die respondent beskik nie oor naskoolse kwalifikasies nie.
2. Een jaar tersiêr: 'n Eenjarige diploma of sertifikaat is verwerf.
3. Twee jaar tersiêr: 'n Twee- of driejarige diploma is verwerf.
4. Drie jaar tersiêr: 'n Drie- of vierjarige graad of 'n hoërdiploma is verwerf.
5. Nagraads: 'n Nagraadse kwalifikasie is verwerf.

Uit die totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, het 447 (97,2%) hul kwalifikasie aangedui. Slegs 32,4% van die respondente het 12 jaar formele skoolonderwys suksesvol voltooi, maar beskik nie oor naskoolse kwalifikasies nie, terwyl net 10,2% van die respondente een jaar tersiêre opleiding voltooi het. Nagenoeg 20,1% van die respondente het twee jaar tersiêre opleiding voltooi en 21,9% van die respondente drie jaar tersiêre opleiding. Slegs 15,0 % van die respondente het 'n nagraadse kwalifikasie verwerf.

**Tabel 15: Kwalifikasieverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedyfskonteks**

| Kwalifikasiegroepe | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Onderwys en opleiding: | | | | |
| 12 jaar skool | 145 | 31,5 | 32,4 | 32,4 |
| Een jaar tersiêr | 47 | 10,2 | 10,5 | 43,0 |
| Twee jaar tersiêr | 90 | 19,6 | 20,1 | 63,1 |
| Drie jaar tersiêr | 98 | 21,3 | 21,9 | 85,0 |
| Nagraads | 67 | 14,6 | 15,0 | 100,0 |
| Totaal | 447 | 97,2 | 100,0 | |
| Blanko gevalle | 13 | 2,8 | | |
| Totaal | 460 | 100,0 | | |

c. **Kwalifikasiegroepverspreidings vir die tersiêre- en bedryfskonteks gesamentlik** (verwys na tabel 16)

'n Probleem is ervaar met die konsolidering van die universiteit se studiejaargroepe en die kwalifikasiegroepe van individue in die bedryfskonteks. Daar is gepoog om sover moontlik die kwalifikasies gelyk te stel, op grond van die akademiese vlak wat bereik is. Die volgende groepindelings is gebruik:

6. 12 jaar skool: 12 jaar formele skoolonderwys is voltooi sonder naskoolse opleiding.
7. Een jaar tersiêr: Eerste studiejaar op universiteit en 'n naskoolse eenjarige sertifikaat of diplomakwalifikasie is verwerf.
8. Twee jaar tersiêr: Tweede of derde studiejaar op universiteit of 'n twee- of driejarige diplomakwalifikasies is verwerf.
9. Drie jaar tersiêr: 'n Graadkwalifikasie of 'n hoërdiploma is verwerf.
10. Nagraads: 'n Nagraadse kwalifikasie is verwerf.

Uit die totaal van 1066 respondente wat die LBVi voltooi het, het 1048 (98,3 %) hul kwalifikasie aangedui en uit die 1137 respondente wat die LBVs voltooi het, het 1113 (97,9 %) hul kwalifikasie aangedui. Slegs 14,0% van die respondente wat die LBVi voltooi het, het 12 jaar formele skoolonderwys suksesvol voltooi, maar beskik nie oor naskoolse kwalifikasies nie. In die geval van die LBVs het 14,6% van die respondente hul skoolonderwys voltooi. Altesaam 33,3% van

die respondente wat die LBVi voltooi het, is met hul eerste jaar van tersiêre studies besig of het reeds 'n eenjarige kwalifikasie voltooi. In die geval van die LBVs is 17,2% van die respondente met hul eerste jaar van universiteitsopleiding besig of het reeds 'n eenjarige kwalifikasie voltooi. Slegs 35,0% van die respondente wat die LBVi voltooi het, is in hul tweede of derde jaar van universiteitsopleiding of het reeds 'n twee- of driejarige diploma verwerf. In die geval van die LBVs, is 50,8% van die respondente met hul tweede of derde jaar van universiteitsopleiding besig of het reeds 'n twee- of driejarige diploma verwerf. Soveel as 11,0% van die respondente wat die LBVi voltooi het, het reeds 'n graadkwalifikasie verwerf. In die geval van die LBVs, het 9,8% van die respondente 'n graadkwalifikasie verwerf. Slegs 6,3% van die respondente wat die LBVi voltooi het, het reeds 'n nagraadse kwalifikasie verwerf. In die geval van die LBVs het 5,9% van die respondente 'n nagraadse kwalifikasie verwerf.

**Tabel 16: Kwalifikasieverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs vir die geheelgroep**

| Kwalifikasiegroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Onderwys en opleiding: | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| 12 jaar skool | 147 | 162 | 13,8 | 14,3 | 14,0 | 14,6 | 14,0 | 14,6 |
| Een jaar tersiêr | 349 | 196 | 32,7 | 17,2 | 33,3 | 17,6 | 47,3 | 32,2 |
| Twee jaar tersiêr | 373 | 577 | 35,0 | 50,8 | 35,6 | 51,8 | 82,9 | 84,0 |
| Drie jaar tersiêr | 112 | 111 | 11,0 | 9,8 | 10,7 | 10,0 | 93,6 | 94,0 |
| Nagraads | 67 | 67 | 6,3 | 5,9 | 6,4 | 6,0 | 100,0 | 100,0 |
| Totaal | 1048 | 1113 | 98,3 | 97,9 | 100,0 | 100,0 | | |
| Blanko gevalle | 18 | 24 | 1,7 | 2,1 | | | | |
| Totaal | 1066 | 1137 | 100,0 | 100,0 | | | | |

### 13.2.1.4 Geslagsgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe

Die geslagsgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe uit die tersiêre en bedryfskonteks word vervolgens aan die hand van frekwensietabelle bespreek.

**a. Geslagsgroepverspreiding vir die tersiêre konteks** (verwys na tabel 17)

Uit die totaal van 606 respondente wat die LBVi voltooi het, het 604 (99,7 %) hul geslag aangedui en uit die 677 respondente wat die LBVs voltooi het, het 670 (99,0 %) hul geslag aangedui. Slegs 31,1% van die respondente wat die LBVi voltooi het, is manlik en 68,9% vroulik. In die geval van

die LBVs, is 23,9% van die respondente manlik en 76,1% vroulik.

**Tabel 17: Geslagsgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die tersiêre konteks**

| Geslagsgroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| Manlik | 188 | 160 | 31,1 | 23,6 | 31,1 | 23,9 | 31,1 | 23,9 |
| Vroulik | 416 | 510 | 68,6 | 75,3 | 68,9 | 76,1 | 100,0 | 100,0 |
| Totaal | 604 | 670 | 99,7 | 99,0 | 100,0 | 100,0 | | |
| Blanko gevalle | 2 | 7 | 0,3 | 1,0 | | | | |
| Totaal | 606 | 677 | 100,0 | 100,0 | | | | |

**b. Geslagsgroepverspreiding vir die bedryfskonteks** (verwys na tabel 18)

Uit die totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, is 239 (52,0%) se geslagsinligting beskikbaar. Soveel as 56,9% van die respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, is manlik en 43,1% vroulik.

**Tabel 18: Geslagsgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Geslagsgroepe | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Manlik | 136 | 29,6 | 56,9 | 56,90 |
| Vroulik | 103 | 22,4 | 43,1 | 100,0 |
| Totaal | 239 | 52,0 | 100,0 | |
| Blanko gevalle | 221 | 48,0 | | |
| Totaal | 460 | 100,0 | | |

**c. Geslagsgroepverspreiding vir die tersiêre en bedryfskonteks gesamentlik** (verwys na tabel 19)

Uit die totaal van 1066 respondente wat die LBVi voltooi het, het 843 (79,1 %) hul geslag aangedui en uit die 1137 respondente wat die LBVs voltooi het, het 909 (79,9 %) hul geslag aangedui. Nagenoeg 38,4% van die respondente wat die LBVi voltooi het, is manlik en 61,6% vroulik. In die geval van die LBVs is 32,6% van die respondente manlik en 67,4% vroulik.

**Tabel 19: Geslagsgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs vir die geheelgroep**

| Geslagsgroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| Manlik | 324 | 296 | 30,4 | 26,0 | 38,4 | 32,6 | 38,4 | 32,6 |
| Vroulik | 519 | 613 | 48,7 | 53,9 | 61,6 | 67,4 | 100,0 | 100,0 |
| Totaal | 843 | | 79,1 | 79,9 | 100,0 | 100,0 | | |
| Blanko gevalle | 223 | 224 | 20,9 | 20,1 | | | | |
| Totaal | 1066 | 1137 | 100,0 | 100,0 | | | | |

### 13.2.1.5 Leerkonteksgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe

Die konteksgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproewe uit die tersiêre en bedryfskonteks word vervolgens aan die hand van frekwensietabelle bespreek.

**a. Leerkonteksgroepverspreiding vir die bedryfskonteks** (verwys na tabel 20)

Uit die totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, het 460 (100,0%) die konteks van leer aangedui. Nagenoeg 47,2% van die respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, het die SA Leër as leerkonteks aangedui. Slegs 29,3% van die respondente het die SA Polisiediens as leerkonteks aangedui. Slegs 23,5% van die respondente is individueel genader om die vraelys in hul beroepskonteks in te vul.

**Tabel 20:Konteksgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Leerkonteksgroepe | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| SA Leër | 217 | 47,2 | 47,2 | 47,2 |
| SA Polisiediens | 135 | 29,3 | 29,3 | 76,5 |
| Individue in | 108 | 23,5 | 23,5 | 100,0 |
| beroepskonteks | 460 | 100,0 | 100,0 | |
| Totaal | 0 | 0,0 | | |
| Blanko gevalle | 460 | 100,0 | | |
| Totaal | | | | |

**b. Konteksgroepverspreiding vir die tersiêre en bedryfskonteks as 'n geheel** (verwys na tabel 21)

Uit die totaal van 1066 respondente wat die LBVi voltooi het, het 1066 (100,0 %) die leerkonteks

aangedui en uit die 1137 respondente wat die LBVs voltooi het, het 1137 (100,0 %) die leerkonteks aangedui. Slegs 20,4% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 19,1% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het die SA Leër as leerkonteks aangedui. Nagenoeg 12,7% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 11,9% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het die SA Polisiediens as leerkonteks aangedui. Slegs 10,1% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 9,5% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het hul eie beroepsomgewing as leerkonteks aangedui. In totaal is 43,2% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 40,6% van die respondente wat die LBVs voltooi het, vanuit die bedryfskonteks. Soveel as 56,8% van die respondente wat die LBVi voltooi het en 59,4% van die respondente wat die LBVs voltooi het, het die tersiêre leeromgewing as leerkonteks aangedui.

**Tabel 21: Leerkonteksgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs vir die geheelgroep**

| Leerkonteksgroepe | Frekwensie | | Persentasie | | Geldige persentasie | | Kumulatiewe persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs | LBVi | LBVs |
| SA Leër | 217 | 217 | 20,4 | 19,1 | 20,4 | 19,1 | 20,4 | 19,1 |
| SA Polisiediens | 135 | 135 | 12,7 | 11,9 | 12,7 | 11,9 | 33,0 | 31,0 |
| Individue in beroepe | 108 | 108 | 10,1 | 9,5 | 10,1 | 9,5 | 43,2 | 40,6 |
| Tersiêr | 606 | 674 | 56,8 | 59,3 | 56,8 | 59,4 | 100,0 | 100,0 |
| Totaal | 1066 | 1134 | 100,0 | 99,7 | 100,0 | 100,0 | | |
| Blanko gevalle | 0 | 3 | 0 | 0,3 | | | | |
| Totaal | 1066 | 1137 | 100,0 | 100,0 | | | | |

### 13.2.2 Werkverwante data van respondente wat die LBVi en LBVs vir die bedryfskonteks voltooi het

Frekwensieberekeninge is gedoen vir funksionele groepe, jare werkervaring, beroepsgroepe en bestuursvlakke.

a. **Funksionele groepverspreiding** (verwys na tabel 22)

Uit 'n totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, is daar data vanaf 179 (39,0%) respondente met betrekking tot hul funksionele rol in die bedryf verkry. Nagenoeg 28,5% van die respondente word as lynpersoneel geklassifiseer; 34,6% as administratiewe personeel en hulpdienste; en 36,9% as spesialiste en professionele persone.

**Tabel 22: Funksionele groepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Funksionele groepe | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Lynpersoneel<br>Administratief &<br>hulpdienste<br>Spesialiste &<br>professioneel<br>Totaal<br>Blanko gevalle<br>Totaal | 51<br>62<br>66<br>179<br>281<br>460 | 11,1<br>13,5<br>14,5<br>39,0<br>61,0<br>100,0 | 28,5<br>34,6<br>36,9<br>100,0 | 28,4<br>63,1<br>100,0 |

**b. Jare werkervaringverspreiding** (verwys na tabel 23)

Uit 'n totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, is daar data vanaf 177 (38,5%) respondente met betrekking tot aantal jare werkervaring in 'n bepaalde veld verkry. Soveel as 24,3% van die respondente beskik oor 1 tot 3 jaar werkervaring; 24,3% van die respondente beskik oor 4 tot 9 jaar werkervaring; 24,9% van die respondente beskik oor 10 tot 13 jaar werkervaring; en 26,6% oor 14 tot 33 jaar werkervaring.

**Tabel 23:Jare werkervaringverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Jare werkervaring | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| 1 tot 3 jaar werkervaring<br>4 tot 9 jaar werkervaring<br>10 tot 13 jaar<br>werkervaring<br>14 tot 33 jaar<br>werkervaring<br>Totaal<br>Blanko gevalle<br>Totaal | 43<br>43<br>44<br>47<br>177<br>283<br>460 | 9,3<br>9,3<br>9,6<br>10,2<br>38,5<br>61,5<br>100,0 | 24,3<br>24,3<br>24,9<br>26,6<br>100,0 | 24,3<br>48,6<br>73,4<br>100,0 |

**c. Beroepsgroepverspreiding** (verwys na tabel 24)

Uit 'n totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, is daar 361 (76,5 %) respondente wat hul beroepsveld aangedui het. Van die groepe met die grootste verteenwoordiging is die polisiediens (30,1 %), finansiële beroepsvelde (17,6 %), regsberoepe (15 %),

menslike hulpbronbestuur (13,1%), tegniese beroepsvelde (6,5 %), bemarkings- en handel-verwante velde (4,8 %) en sekretariële veld (2,0 %).

**Tabel 24: Beroepsgroepverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Beroepsgroepe | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Bemarking/handel | 17 | 3,7 | 4,8 | 4,8 |
| Tegnies | 23 | 5,0 | 6,5 | 11,4 |
| Onderwyskunde | 4 | 0,9 | 1,1 | 12,5 |
| Sekretarieel | 7 | 1,5 | 2,0 | 14,5 |
| Klerikaal | 5 | 1,1 | 1,4 | 16,0 |
| Aptekerswese | 1 | 0,2 | 0,3 | 16,1 |
| Argitektuur | 1 | 0,2 | 0,3 | 16,5 |
| Algemene bestuur | 6 | 1,3 | 1,7 | 18,2 |
| Ingenieurswese | 1 | 0,2 | 0,3 | 18,5 |
| Huisvrou | 2 | 0,4 | 0,6 | 19,0 |
| Medies | 1 | 0,2 | 0,3 | 19,3 |
| Analitiese chemie | 15 | 3,3 | 4,3 | 23,6 |
| Natuurbewaring | 1 | 0,2 | 0,3 | 23,9 |
| Biblioteekkunde | 1 | 0,2 | 0,3 | 24,2 |
| Finansieel | 62 | 13,5 | 17,6 | 41,8 |
| Regsberoepe | 53 | 11,5 | 15 | 56,8 |
| Polisiediens | 106 | 23,0 | 30,1 | 86,9 |
| Menslike | 46 | 10,0 | 13,1 | 100,0 |
| hulpbronbestuur | 361 | 76,5 | | |
| Totaal | 99 | 23,5 | | |
| Blanko gevalle | 460 | 100,0 | | |
| Totaal | | | | |

**d. Bestuursvlakverspreiding** (verwys na tabel 25)

Uit 'n totaal van 460 respondente wat die LBVi en LBVs voltooi het, het 433 (79,1%) respondente die bestuursvlak wat beklee word, aangedui. Altesaam beklee 40,9% van die respondente 'n juniorbestuursposisie; 53,3% van die respondente 'n middelbestuursposisie en 5,8% 'n seniorbestuursposisie.

**Tabel 25:Bestuursvlakverspreiding vir die ontwikkelingsteekproef van die LBVi en LBVs in die bedryfskonteks**

| Bestuursvlakke | Frekwensie | Persentasie | Geldige persentasie | Kumulatiewe persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Juniorbestuur | 149 | 32,4 | 40,9 | 40,9 |
| Middelbestuur | 194 | 42,2 | 53,3 | 94,2 |
| Seniorbestuur | 21 | 4,6 | 5,8 | 100,0 |
| Totaal | 433 | 79,1 | 100,0 | |
| Blanko gevalle | 27 | 20,9 | | |
| Totaal | 460 | 100,0 | | |

### 13.2.3 Algemene bespreking van die eienskappe van die ontwikkelingsteekproewe

Oor die algemeen blyk die groep met die grootste verteenwoordiging, Afrikaanssprekende dames in die ouderdomsgroep 17 tot 33 jaar te wees. Die groep met die tweede grootste verteenwoordiging blyk Afrikaanssprekende mans in die ouderdomsgroep van 17 tot 33 jaar, te wees. Die Afrikataalgroep verteenwoordig ongeveer 'n kwart van die totale groep waarvan Noord-Sotho, Tswana, Zulu en Xhosa die groepe met die grootste verteenwoordiging is. Die Engelssprekende groep verteenwoordig 'n skrale 10 tot 14% van die totale populasie. Die grootste persentasie van die respondente (± 60%) is besig met tersiêre opleiding of beskik oor 'n twee- of driejarige diploma. Uit die oorblywende kategorieë beskik slegs 14% oor geen naskoolse kwalifikasie nie, en ongeveer 16% oor 'n graad of naskoolse kwalifikasie. Die grootste persentasie respondente (± 58%) kom vanuit die tersiêre konteks. Die oorblywende respondente verteenwoordig die SA Leër, SA Polisiediens en individue in die beroepskonteks. In terme van werkverwante data word lynpersoneel, administratiewe en hulpdienste, asook spesialiste en professionele persone in 'n gelyke mate verteenwoordig. In terme van werkervaring word die onderskeie jare werkervaring goed verteenwoordig. Die data wat betrekking het op funksionele groepe en werkervaring is ongelukkig beperk tot 179 gevalle en kan nie sonder meer veralgemeen word nie. 'n Meer aanvaarbare responskoers is egter met betrekking tot beroepsgroep- en bestuursvlakverspreiding verkry. Die grootste persentasie respondente het die polisiediens as kategorie aangedui, gevolg deur die regsberoepe, menslike hulpbronbestuur, tegniese beroeps-velde, bemarking- en handelverwante en sekretariële velde. Die respondente wat die polisiediens as kategorie aangedui het, kon weens onvoldoende data nie in meer spesifieke kategorieë ingedeel word nie. Die junior- en middelbestuursposisies het die grootste verteenwoordiging met ±93% respondente. Die ontwikkelingsgroep uit die bedryfskonteks is in die algemeen meer

verteenwoordigend ten opsigte van ouderdoms-, kwalifikasie- en geslagsgroeperings. In die algemeen bestaan daar egter beperkinge in die mate waartoe die data die onderskeie ouderdoms-, taal-, geslags-, kwalifikasie- en werkverwante groeperings dek.

## 13.3 FAKTORONTLEDINGSRESULTATE

Die resultate van die finale faktorontledings op die LBVi en LBVs, nadat faktorverfyning gedoen is, word vervolgens bespreek. Ten einde die hoofhipotese te ondersoek, is faktorontledings op die gesamentlike datastel (die geheelgroep) van die tersiêre en bedryfskonteks en vir elke datastel afsonderlik gedoen. Verskeie faktoranalises is gedoen en die resultate word vervolgens per analise gerapporteer.

### 13.3.1 Die eersteorde-faktoroplossings (faktormodelle) van die LBVi volgens die skuinsrotasiemetode

Die resultate van die agt-, sewe- en vierfaktoranalises van die LBVi vir die onderskeie steekproewe word vervolgens bespreek.

#### 13.3.1.1 Die agt-, sewe- en vierfaktoroplossing vir die geheelsteekproef

Die Kaiser-Meyer-Olkin (KMO)-maatstaf vir steekproefgeskiktheid dui op 'n hoogs aanvaarbare datastel vir faktoranalitiese doeleindes. Volgens Kim en Mueller (1978:54) neem die KMO-waarde toe met die toename in die aantal veranderlikes, die aantal gemeenskaplike faktore, die aantal respondente en die grootte van korrelasiekoëffisiënte. 'n KMO-waarde van 0,95 is vir die geheelsteekproef bekom en word as uitstekend getakseer (Kim & Mueller 1978:54). Die aantal respondente vir die geheelgroep is 1066.

Die verspreidingsdiagram (*Scree plot*) van die eiewaardes vir die geheelsteekproef word in figuur 11 verskaf. Figuur 11 sluit ook 'n tabel in met die eiewaardes vir die eerste 12 faktore wat die basis vir die verspreidingsdiagram vorm. Twee stelle eiewaardes word verskaf. Die eerste stel eiewaardes is die eiewaardes wat gebaseer is op die ware steekproef en word deur die soliede lyn aangedui. Die tweede stel eiewaardes wat met behulp van die stippellyn aangedui word, is gebaseer op 'n ewekansig gegenereerde datastel van itemwaardes wat per item 'n normaal